SASRIA

# Stakings, betogings lei tot talle eise

**Jean-Marie de Waal**

Kaapstad. – Eise weens skade as gevolg van stakings en diensleweringsbetogings het vir die jaar tot einde Maart weer geweldig opgeskiet en dié tendens sal waarskynlik voortduur.

Dít is vanweë lae ekonomiese groei, hoë werkloosheid en stygende elektrisiteits-, brandstof- en voedselkoste waarmee die styging in lone nie tred hou nie, volgens die spesiale-risiko-versekeringsmaatskappy Sasria se jongste jaarverslag.

Die getal eise het met 135% van 479 tot 1 168 vir die jaar onder oorsig toegeneem, waarvan meer as 70% met stakings verband hou.

Sasria sê dis die tweede agtereenvolgende jaar dat dié eise toeneem, en dit is in ooreenstemming met sy vroeëre verwagtinge dat die skade weens stakings en betogings oor swak dienslewering in die toekoms verder sal toeneem.

Sasria word onder meer deur die regering herverseker, wat beteken die koste van skade weens maatskaplike onrus word uiteindelik deur belastingbetalers gedelg.

Die gemiddelde eisbedrag het verminder van R612 049 tot R213 242, maar totale eise ter waarde van R207 miljoen is uitbetaal vir die jaar onder oorsig vergeleke met R167 miljoen vir die 2011-boekjaar, volgens die jongste finansiële state.

Sasria se nabelaste wins het in die oorsigtydperk met byna R100 miljoen tot sowat R523 miljoen toegeneem.

Mohamed Samie, voorsitter van Sasria, waarsku in sy voorwoord tot die jaarverslag dat hoewel Suid-Afrika op die oog af op makro-ekonomiese vlak bestendig is, is daar endemiese hoë vlakke van ongelykheid en werkloosheid.

"Vinnige verstedeliking en 'n toename in vlugtelinge plaas druk op die regering om basiese dienste te lewer," sê Samie.

"Met stadige ekonomiese groei en hoë werkloosheid is dit nie verbasend nie dat Suid-Afrika aanhoudend stakings en betogings ervaar wat deur maatskaplike en arbeidsonrus aangevuur word."

Sasria moes in die apartheidsjare die risiko dra vir skade wat uit politieke onrus gespruit het.

Sy rol het ná die koms van demokrasie verander en hy moet nou pa staan vir enige katastrofiese gebeurtenis wat die land kan tref.

Sasria het finansiële en versekeringsbates van altesame R4,3 miljard en eisuitbetalings weens betogings en stakings benadeel die noodsaaklike opbou van dié bates.

Reroduced by Sabinet Online. Copyright of this material belongs to the publisher of this article.